

Donderdag 18 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:20-24

Breek met 'n heidense leefwyse

Teenoor die losbandige heidense leefwyse stel Paulus nou die nuwe lewe in Christus. Teenoor die verduistering van verstand en onkunde van die heidene staan die waarheid wat hulle in Christus leer ken het. Toe hulle Christus leer ken het, het hulle lewenspatroon radikaal verander. Hulle het die evangelie gehoor, Christus omhels en is oor Hom onder-rig. Hy was tegelyk hulle Leermeester en die Inhoud van die onderrig. Hulle het persoonlik in gemeenskap met Christus gekom deur Hom in die geloof toe te eien.

Hulle kan nou met die sonde breek, want hulle is nuwe mense wat uit die heidense dood na die lewe in Christus oorgegaan het. Hulle moet nou voortdurend met die ou lewe breek. Die ou lewe is soos 'n kledingstuk wat verslete is, en dit moet hulle uittrek. Ons kan die nuwe lewe wat Christus se beeld vertoon, nou aantrek. Die verandering moet in hulle binneste plaasvind, in hulle gees en gedagtes. Die gerigtheid op God met die hart en ver-stand moet elke keer weer vernuut word. Dan kan gelowiges lewe soos hulle werklik is, soos radikaal nuwe mense.

Ons kan en moet soos nuwe mense lewe, want ons is na die beeld van God geskep, nuut in Christus herskep en kan volgens die wil van God lewe en toeneem in heiligmaking. Ons is 'n totaal nuwe skepping van God, ons het geregtigheid en heiligheid in Christus ver-kry en ons is in ons gedagtes, woorde en optrede aan God toegewy.

Sing: Psalm 51-1:8

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)